LEITORUS BONSMARAS

KONTAK NOMMERS:

- Gawie Pretorius 083 252 6866
- Hennie Wille 082 772 1013
- Elite Afslaers 0588134146
- Willie Snyman 082 375 2524
- Graeme Currin (Excelsus) 082 893 8147

INHOUD

Bulle	2
LNR Teelkudde	2
2007 Farmers Weekly Elite Koei	3
Bulaanbod	3
Semen-Gebruik tekoop	3
Liniere Klassifikasie	4

Leitorus Nuusbrokkies

VOLUME I DEEL I I AUGUSTUS 2008

Gesamentlike Produksieveiling met Excelsus Bonsmaras D.V. op 21 Augustus 2008

Eerstens 'n hartlike woord van dank aan al ons kopers en belangstellendes by ons skrikkeldag uitsoekgeleentheid. Ons waardeer u ondersteuning en vertrou dat u geseend sal wees met die diere wat u by die geleentheid bekom het.

Die afgelope aantal jare het ons jaarliks in Augustus die grootste gedeelte van ons buloes in die Standerton-omgewing verkoop. Ons se graag dankie aan ons mede telers saam met wie ons die veilings aangebied het. In besonder Dr Wynand Bassson en Nico Pieterse. Dit is vanjaar 30 jaar sedert ons ons eerste Bonsmaras gekoop het. Leitorus Bonsmaras verkoop D.V. op 21 Augustus 2008 ons bulle op Oranjeville saam met Excelsus Landgoed van Hennie De Lange en Graeme Currin. Die veiling vind plaas op die plaas Roodepoortjie op die oewer van die Vaaldam. Ons sien daarna uit om u daar te ontvang. Ons beplan om gesaamtlik 30 Bonsmarabulle op die veiling aan te bied. Daar is n hele paar bulle van stoetgehalte. Die meeste is Fase D getoets met baie goeie groeisyfers. Ek is van mening dat meeste van die bulle in menige kudde n positiewe bydrae kan maak.

LTS0651 Lot 162

Kenmerke van ons kudde!

Vrugbaarheid, Reproduksie en Moedereienskappe

Sedert 1998 is Leitorus Bonsmaras nege keer as streeks- finalis van die LNR se Vleisbeesprestasietoetskudde van die jaar aangewys waarvan vyf jaar as wenner van die Gauteng provinsie

LTS0660 LOT 153

Bulle Hard en Aangepas by die omgewing

Lot 145 LTS0650

Lot 158 LTS 063

Ons glo dat ons stoetdiere onder dieselfde omstandighede moet presteer as wat in 'n kommersiele kudde bekostigbaar en winsgewend sou wees. Ons beeste kry wel byvoeding in die vorm van lekke soos deur die jaar benodig

Kalwingsgemak

Ons het agtergekom dat sommige verse met gemak geboorte skenk aan kalwers van tot digby die 40kg. Ander sukkel weer met n kalf van 30kg. Laasgenoemde het maar n klein persentasie van die kudde uitgemaak, maar dit bied n groot geleenteid vir seleksie. Ons het vir Dr Piet Van Zyl van Heilbron gekry om die pelvismates te kom meet. Hy meet op drie plekke en pas n formule toe om die pelvisgrootte te bepaal. Daarna werk ek self die indekse uit en slag alle verse met 'n indeks van onder negentig. Sederdien is kalfprobleme geen faktor nie. Ons meet ook die bulle se pelvisse. Ons glo dat pelvismates hoog oorerflik is en dat ons kan teel vir groter pelvisse. Uiteraard dien dit tot groter wins. Bulle met pelvisindeks van onder 90 kan wel gebruik word, maar kalwers uit die bulle moet verkieslik geslag word. Indien die vroulike nageslag van so n bul ook aan pelvismates blootgestel word kan n mens tog van hulle vir teling behou. Hierdie pelvismates is n nieamptlike syfer. Ons beskou dit egter as n belangrike hulpmiddel in ons teling en kan dit met vrymoedigheid aanbeveel.

Kalwingsgemak-bulle kan nog steeds gebriuk word op verse. Ons moet net oppas om nie aanhoudend kleiner te teel en lewensvatbaarheid van kalwers te benaadeel nie.

LNR Teelkudde van die jaar in Gauteng 03/4/6/7/8

Kry nou jou Brood alkante gebotter met;

Leitorus Bonsmaras

Vir volgehoue produksie deur uitstaande vrugbaarheid, gehardheid en temperament met as bonus uitstaande groei en gunstige voeromset

Lot 163 LTS0630

Lot 147 LTS05103

Kudde Kenmerke; Temperament en Voeromset

Rustige Temperament

Die Bonsmara is bekend vir sy rustige temperament . Ook wat hierdie eienskap betref is daar nogsteeds variasies. Ons by Leitorus Bonsmaras het hierdie geleentheid om te selekteer raakgesien en oor die afgelope dertig jaar daarvoor geselekteer met baie goeie gevolg. Kom kyk gerus na ons beeste. Afslaers wat oor die afgelope klompie jare met ons beeste gewerk het, is vol lof vir die rustige temperament van ons beeste.

Groei en Voeromset

Ons sal al die GDT syfers van ons bulle op die veiling bekendmaak. Dit is n amptelike syfer hoewel dit deesdae nie as g/dag op die katalogus aangegee word nie. Oor baie jare is ons jong bulle aan Fase D en C toetse onderwerp en het hulle uitgeblink in GDT en voeromset

Vrugbaarheid is ons Kenmerk

2007 Farmers Weekly Beste Elite Bonsmara Koei

LTS9342

Uitsonderlike Ma's teel uitsonderlike Bulle

Verlede jaar is een van ons koeie, LTS9342, aangewys as die beste Elite Bonsmara koei van die jaar. Sedert die data vir die toekening getrek is het sy al weer twee keer gekalf. Met die geboorte van haar dertiende kalf LTS080030 op 27/5/08 was sy 15 jaar en 26 dae oud. Sy het 12 kalwers gespeen met 'n gemiddelde speenindeks van 105.

10 uit 12 kalwers wat vir keuring aangebied is, is goedgekeur. Twee van haar seuns is in ons kudde gebruik.

'n Jaar terug het ek opgemerk dat haar kloue begin uitgroei. Sy is wel oud maar haar vier spene is nog in n uitstekende toestand.

Lees gerus die artikel in die 2008 Bonsmara Joernaal op Bl 170 en verder. (Die kalf naaste aan die kamera behoort aan n ander koei.)

Ons Bul-aanbod (Let op ons bulle se sterk oogbanke)

Lot 152

LTS05113

LTS 05113 is 'n bul uit een stuk. Hy is tipies van sy goue-meriete vaar, LTS9976. Hierdie bul is funksioneel doeltreffend—goeie bene, kloue, skede, testes ens. Dis 'n plesier om van bo af op sy rug af te kyk. Sy moeder LTS99154 is op ons skrikkeldag uitsoekgeleentheid met die mooiste kalf aan Mnre Ian en Jan Lourens van Vrede verkoop. Die bul se teelwaardes is baie goed. Nie vir verse aanbeveel nie.

Lot 154

LTS05146

LTS 05146 is 'n seun van ons beproefde stoetbul LTS957 wat op 13-jarige leeftyd steeds fiks, gesond en vrugbaar is. Net soos sy vaar is hierdie bul sprekend van manlikheid, met 'n baie sterk kop en goeie oogbanke. Hy beskik oor genoeg vel met baie plooie. Sy moeder is die staatmaker LTS 9579. Sy volbroer LTS01162 is op die Nasionale Galaveiling van 2004 aan Mnre Pieter Roux en Enslin Broers van Viljoenskroon verkoop. Die bul het 'n lae geboortemassa en kan moontlik op verse gebruik word.

Lot 159

LTS05104

LTS 05104 is n baie sterk manlike bul met goeie bouvorm en bespiering. Sy vaar is die goue-meriete bul LTS9976 wat spog met uiters goeie voeromsetverhouding. Sy moeder het haar eerste kalf op 28 maande gehad, en op 11,5 jr spog sy met 9 kalwers. Haar reproduksie-indeks is 107.

Lot 164

LTS05152

Semengebruik te koop!

LTS 05152 Semengebruik Aangebied

Hierdie seun van LTS02166 is reeds in die kudde gebruik. Hy is baie sterk, met goeie bespiering manlikheid en breedte. Hy het baie sterk bene en kloue met uitsonderlike diepte van hiel. Hy staan vierkantig op sy vier bene. Ons verwag sy eerste kalwers die komende somer en sien met groot verwagting daarna uit. Hier is nou die geleentheid om van sy nageslag ook in u kudde te toets.

Liniere Klassifikasie

Die klassifikasie is deur Graeme Currin en Gawie Pretorius gedoen en is nie amptelike syfers nie. Dit is basies ‘n riglyn om u as koper ‘n aanduiding te gee van die sterk punte van elke bul. Die syfers in geel is wat ons beskou as ideaal. Die pelvismates is deur Dr. Piet van Zyl gemeet en is ook nie amptelike syfers nie.

LINIERE KLASSIFIKASIE

			LTS 2006												LTS 2005								
			2	3	6	18	21	30	39	42	47	50	51	60	73	285	260	103	104	109	113	146	152	153
		Pelvis Indeks	96	108	102	97	97	87	99	113	106	100	90	102	94	94	106	105	92	100	104	96	110	
GESLAG	M - manlik	V - Vroulik	M	M	M	M	M	M	M	M	M	M	M	M	M	M	M	M	M	M	M	M	M	M
A. VISUELE PUNT	1 -swak	9 - baie goed	7	8	8	6	7	8	7	6	7	6+	8	8	7	6	6	7	7	7	7	8	8	6
B. REPRODUKSIE																								
1. Manlikheid / Vroulikheid	1 - geen	9 - baie goed	8	8	7	7	7	8	7	6	7	6+	8	8	8	6	7	7	7	6	7	8	8	7
2. Skrotum draiing	1 - kloks	9 - anti-kloks	4	4	5	3	4	4	4	4	4	5	5	3	5	5	5	5	4	4	5	4	4	5
3. Naelvel grootte	1 - groot	9 - styf	5	6	3	3	5	8	3	8	6	5	5	3	7	4	5	5	4	4	7	4	7	5
4. Skede lengte	1 - lank	9 - kort	5	5	4	4	5	4	4	8	5	5	5	4	5	5	5	4	5	5	5	5	5	4
5. Vulva & uier	1 - klein	9 - groot																						
C. HOEWE																								
1. Lengte (uigroei)	1 - lank	9 - kort	7	8	8	8	8	8	8	7	7	7	8	8	8	7	8	8	8	7	8	8	8	7
2. Diepte (agterpote)	1 - vlak	9 - diep	7	7	6	7	7	7	6	7	7	6	7	8	7	6	7	7	7	5	7	6	8	6
D. RAAMWERK																								
1. Beenstruktuur	1 - fyn	9 - grof	5	4	6	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	6	5	5	5
2. Gordel volheid	1 - duiwelsgreep	9 - vol	7	8	8	7	6	8	7	6	7	7	8	8	7	6	3	6	7	6	7	8	6	7
3. Toplyn	1 - hol	9 - boggle	5	5	5	4	4	5	5-	4	5	4	5	5	5	4+	3	4	4	4	4	5	4	4
4. Kruisvorm	1 - swak	9 - goed	8	8	8	7	8	7	7	7	8	7	7	8	7	7	6	7	7	7	7	8	7	7
5. Hakke van kant af	1 - regop	9 - sekel	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	6
6. Hakke van agter af	1 - koeihakkig	9 - trap in	5	4	5	5	4	5	5	5	5	4	5	5	5	4	5	4	5	4	5	5	5	4
7. Kootgewrighoek	1 - deurtrap	9 - regop	5	5	5	5	5	4	5	3	5-	4	5	3	3	4	5	4	5	3	5	4	5	3
E. AANPASBAARHEID																								
1. Haarkwaliteit	1 -wol	9 - glad	8	8	7	7	8	7	7	7	7	8	8	8	7	8	7	8	8	7	7	7	7	7
2. Veloppervlakte	1 - styf / min	9 - los / baie	8	8	8	7	7+	8	7+	7	8	7+	8	8	8	7	8	8	8	8	7	8	8	7
3. Kop	1 - swak	9 - goed	7	8	7+	6	8	7	7	6	6	7	8	8	8	6	8	7	8	6	7	8	8	6
F. BESPIERING / BEVLESING																								
1. Algeheel	1 - swak	9 - oormatig	7	7	7	6	7	7	7	7	6	6	8	8	7	5	6	6	7	6	7	8	8	6
G. ALGEMEEN																								
1. Kapasiteit	1 - wors	9 - boepens	6	7	7	6	7	7	7	7	6	6	7	8	7	6	6	6	7	6	7	7	8	6
		GDT	1738	2095	1750	2202	1940	1810	1964	2286	2131	2048	1917	1940	1798	1940	2214	2107	1845	2095	1786	1762	1774	1929